Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Na sewe Julie is die verkiesing iets van die verlede. Vergeet die onaangenaamhede daarvan !*

# Die O.B.

*Na sewe Julie is die Ossewabrandwag iets van die toekoms. Dink aan die moontlikhede daarvan !*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 30 JUNIE 1943. No. 32.

## Kommandant Telegrafeer vir 200 Inskrywingvorms Ná Vergadering

### Verrassende Toestroming tot Geledere Van Ossewabrandwag

**Toenemende belangstelling en geweldige geesdrif vir die Ossewabrandwag word uit alle dele van die land berig. Dit skyn of die volk intuïtief aanvoel dat die naderende verkiesing geen verbetering vir ons volk in die skoot dra nie, maar dat die beslissing in die nabye toekoms buite die parlement gelewer sal word. Hoewel die verkiesingsveldtog van die partye nog in volle swang is, begin mense wat voorheen die Ossewabrandwag vyandiggesind was, nou al te besef dat die redding van ons volk net deur 'n magtige volksbeweging kan geskied. Nou dat aanhitsers van die broederstryd van onlangs openlik erken dat die stories wat teen die Ossewabrandwag versprei was, niks anders as onwaarhede is nie, gaan talle Afrikaners se oë oop vir die moontlikhede wat vir ons volk opgesluit lê in sy lewenskragtige Volksbeweging, die Ossewabrandwag.**

Eerste bewys van die toenemende geesdrif was die geweldige opkomste na die offisierslaers wat die afgelope weke dwarsdeur die land gehou was. Honderde myle ver het offisiere toegestroom en daarmee hul geloof en vertroue in die Volksbeweging en sy leiers betuig. In Kaapstad is 1,100 offisiere van die gebied Wes-Kaapland die middag en die aand deur die Kommandant-generaal en die A.K.G. toegespreek.

Op George is 'n paar dae later 'n openbare vergadering deur die twee leiers gehou wat deur meer as sewehonderd mense bygewoon is. **So groot was die belangstelling en vertroue dat die kommandant aldaar die volgende dag telegrafies tweehonderd inskrywingvorms bestel het. Talle mense het naamlik aansoek gedoen om opgeneem te word as lid. Dieselfde verskynsel het hom die volgende dag op Oudtshoorn geopenbaar waar daar net op een kolletjie, waar die O.B. voorheen swak gestaan het, tien nuwe lede binne 'n paar uur ingeskryf het. Dit is nog nie bekend hoe groot die toeloop in die volgende paar dae op ander plekke in die omgewing was nie.**

Ook op Cradock is die leiers met die grootste geesdrif begroet. **Nie minder as twaalfhonderd mense het die vergadering bygewoon, waarvan 'n paar honderd eenvoudig buite moes staan.**

**Maar dit is nie net die gewone publiek wat toestroom nie. Onder die soldate word daar al openlik gepraat dat die partypolitiek verby en onmagtig is om die volk en land uit die chaos te red waarin dit gestort is. In hierdie kringe veral word besef dat slegs die sterke hand van 'n gesagstaat weer orde en welvaart kan bewerkstellig. Duisende soldate marsjeer dus reeds in die gees saam met die Ossewabrandwag, die draer van die gesagstaat van môre.**

## „DIE GEDISSIPLINEERDE AFRIKANERDOM"

### Vertoning van Afrikaanse Rolprent

Die Afrikaanse publiek word nou in die geleentheid gestel om pragtige rolprentopnames te sien van die grootste byeenkomste van Afrikaners wat nog in hierdie land plaasgevind het en van ander belangrike geskiedkundige gebeurtenisse. „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom," die eerste 100% Afrikaanse rolprent van sy soort, is reeds met groot sukses op die Rand, in Pretoria en die omliggende platteland vertoon. **Vertonings word nou in die orige dele van Transvaal gereël. Sodra hierdie rondreis na verwagting in Julie voltooi is, sal dadelik 'n begin gemaak word met die Vrystaat en daarna sal ook Kaapland besoek word.**

Die rolprent, wat in kleur is, sluit in opnames van Ossewabrandwagbyeenkomste wat deur tienduisende volksgenote bygewoon is in die dae voordat die venynige broederstryd ontketen is teen die grootste en magtigste volksorganisasie wat die Afrikanerdom nog geken het. Dit is nie opnames van deurmekaar malende menigtes nie, maar van 'n volk wat dissipline leer ken het en weet hoe om hom ordelik en in gelid rondom sy altare te skaar.

Dit sluit ook in opnames van die plegtige inswering van dr. Hans van Rensburg as Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag in Januarie 1941 te Kroonstad, die Uniale Offisierslaertrek te Bloemfontein in Oktober 1941, die loslating van Elsabe Nel en die groot ontvangs wat sy by die tronkdeur gehad het, die feesviering by Amajoeba toe hierdie monument van Boere-heldemoed en dapperheid deur die Ossewabrandwag vir die Afrikanervolk in besit geneem is, en 'n Dingaansdagviering in Pretoria.

#### DIERELEWE

Verder word ook vertoon die begrafnis van wyle genl. Manie Maritz, kranslegging op die grafte van Jopie Fourie en Danie Theron, die vermaarde verkenner uit die Tweede Vryheidsoorlog, 'n skitterende kleuropname van dierelewe in die Krugerwildtuin en 'n paar pragtige toneeltjies uit ons egte boerelewe.

Tegnies is die opnames deurgaans van 'n hoë gehalte en dit is verblydend as in aanmerking geneem word dat dit die werk van amateurs is. Lopende kommentaar word met die vertoning gelewer en daar word goed in geslaag om die musiek by die verskillende tonele te laat aanpas.

Die vertoning van „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom" duur ongeveer 2½ uur en dit verskaf 'n aand van genoeglike en opbouende ontspanning. **Die Afrikaner kan nie na hierdie rolprent kyk sonder dat sy pols vinniger klop nie. Op baie van die vertonings het die geesdrif dan ook ten toppunt gestyg, veral toe ons Kommandant-generaal aan die einde vertoon is waar hy tussen twee O.B.-vlae staan.**

Veral Ossewabrandwag-lede sal spyt wees as hulle die geleentheid om hierdie unieke Afrikaanse rolprent te sien, ongebruik laat verbygaan.—(Kor.)

*DINK AAN 8 AUGUSTUS*

## YWERIG EN WAKKER

### Gevolge van Dissipline

Wakkere dissipline in sommige eenhede is verantwoordelik daarvoor dat Brandwagte met die grootste ywer besig is om fondse in te samel vir 8 Augustus (Ossewabrandwagdag). So by voorbeeld het die Seepuntse Assistent-veldkornetskap onlangs onderneem om elkeen minstens vir 'n pond verantwoordelik te wees. Op die jongste vergadering van die eenheid het geblyk dat op 'n paar na elkeen reeds sy pond ingesamel het. **Hierdie assistent-veldkornetskap word gekenmerk deur buitengewone stiptelikheid. Daar bestaan 'n reël dat elke Brandwag wat laat kom vir 'n vergadering, 'n boete van 'n pennie per minuut moet betaal en tien sjielings vir afwesigheid sonder erkende rede, wat dan in die Noodhulpfonds gestort word. Die gevolg van hierdie strenge optrede is dat daar sprankelende geesdrif onder die lede heers, en die een lid wedywer teen die ander in die stiptelike uitvoering van bevele. Voltallige bywoning van vergaderings is dan ook die reël.**

Hierdie gebruik kan gerus deur ander eenhede nagevolg word.

## A.N.S. HOU KONGRES

Die A.N.S. hou sy tiende jaarkongres van 3 tot 7 Julie te Potchefstroom. Die onderwerp vir bespreking vanjaar is Die Volksbeweging en Arbeid, en word toegelig deur dr. N. Diederichs, dr. D. G. Franzsen, prof. dr. G. Cronjé, mnr. S. Pauw en dr. J. F. J. van Rensburg, President van die organisasie.

Die opening vind Saterdag, 3 Julie, om 2 nm. plaas, wanneer die Uniale Leier, mnr. J. Postma, die openingsrede hou.

## TOETS VIR KANDIDAAT SE WELWILLENDHEID

**In antwoord op 'n telegram van adv. J. D. Jerling waarin hy verduideliking vra in sake steun aan H.N.P.-kandidate waar hulle te kenne gee dat hulle die Ossewabrandwag goedgesind is, het die komdt.-genl. dr. J. F. J. van Rensburg die volgende leiding gegee:**

**„As 'n bewys van goedgesindheid teenoor die Ossewabrandwag versoek ons enige betrokke kandidaat om lid te word van die Beweging. Indien hy weier verdwyn alle tekens van welwillendheid. Leiers van die H.N.P. het kort gelede alle kandidate en ampsdraers van die Party verbied om lid van die Ossewabrandwag te wees."**

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ....................

Naam ....................

Adres ....................

(O.B. 30 Junie 1943)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As 6 van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—As van 6 tot 12 van een soort geneem word in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 3/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers hou, as alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-6-6 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN

Posbus 142. Oudtshoorn.


## VROUE-KOMMANDO VAN BELLVILLE BEDRYWIG

### Nooit Enige Verslapping in Werksaamhede

Die Ossewabrandwag-vroue van die Kommando Bellville sit nie stil nie. Behalwe bevele wat van die Hoofkantoor kom, en stiptelik en gou uitgevoer word, doen die vroue nog ander werk soos by voorbeeld skilderklasse wat met baie opoffering deur die Kommandante, mev. Ferguson-Louw, gegee word. 'n Maandelikse bydrae van die leerlinge word dan in die O.B.-kas gestort. Bydrae vir die Noodhulpfonds word gereeld elke maand ingesamel.

**Huisbesoek aan minderbevoorregte families geskied minstens een keer per week deur een of meer lede van die bevoorregte Brandwagte ten einde vas te stel waaraan so 'n familie die meeste behoefte het, en dan voorsien die Beweging in so 'n behoefte na vermoë.**

Heelwat kraampakkies is al ingesamel en ook uitgegee, as ook beddegoed soos lakens en slope word aan arm gesinne verskaf tydens 'n siekbed, wat dan weer terug moet besorg word aan die verantwoordelike persoon.

Die Kommando het in die laaste jaar heelwat tyd aan sang bestee; liedere uit die O.B.-sangbundel 1941 en die F.A.K.-sangbundel is aangeleer. Lede vergader gewoonlik op 'n Dinsdagaand vir so 'n oefening, wanneer daar dan 'n 3d. van elkeen ontvang word om die Noodhulpfondse te styf.

Die Dienslaers word gereeld een keer per maand gehou en die stukke bespreek.

Heelwat gesondheidspraatjies is deur mev. Hettasch al gelewer. Die Kommando geniet ook die voorreg om dr. Erica Theron, van Stellenbosch, een keer per maand te hoor, wanneer sy haar die moeite getroos om kosteloos interessante lesings te gee oor sosiologie, o.a. volkshuisvesting, die kleurlingvraagstuk, ens. Dr. Van Tromp het 'n paar lesings aan ons Kommando verskaf omtrent die naturelle, hul afkoms, sedes en gewoontes.

Die Kommando besit 'n eie Biblioteek. Deur 'n paar skrywers het ons al lesings oor letterkunde gehoor, as ook 'n lesing deur hoofkommandante F. D. du T. van Zyl omtrent kunswaardering.

Behalwe huisfunksies en basaars word daar elke Saterdagaand, wanneer die saal beskikbaar is, volkspele onder leiding van mnr. en mev. Bestbier van Parow gehou, onder toesig van die O.B.-vrouekommando. By sulke geleenthede neem die veldkornet-eenhede beurte met die bediening van verversings. Die opbrengs word alles in die plaaslike kas gestort.

Sonder uitsondering word wit rokke by alle O.B.-geleenthede gedra, dissipline word gehandhaaf, ook wanneer, na gewoonte, met die „Stem van Suid-Afrika" afgesluit word.—(Kor.)

**Ondersteun Ons Adverteerders!**

# Hoe Eenheidsfront Verongeluk is

## Onderhandelings tussen Partyleiers

**Aangesien die Ossewabrandwag se aanbod gegrond was op 'n ooreenkoms tussen die politieke partye ten opsigte van die verkiesing, en die poging om 'n eenheidsfront te bewerkstellig hoofsaaklik skipbreuk gely het weens dr. Malan se weiering om met mnr. Havenga 'n ooreenkoms aan te gaan, plaas ons onderstaande feite in verband met die onderhandeling wat tussen die twee party-leiers plaasgevind het:**

Deur bemiddeling van vriende is daar in Maart tydens die besoek van mnr. Havenga aan Kaapstad 'n samespreking tussen die twee leiers gereël.

Mnr. Havenga het hom gehou aan die tyd en die plek van die afspraak, maar toe die bepaalde uur aanbreek, het nie dr. Malan nie, maar wel 'n afgesant opgedaag. Laasgenoemde wou toe hê dat die samespreking liewer moes plaasvind „op 'n neutrale plek" in die stad, waarop mnr. Havenga opgestaan en aangemerk het dat as die plek die hindernis was, hy na dr. Malan se kantoor sou gaan. Dr. Malan se afgesant het sy blydskap op hierdie bereidwilligheid te kenne gegee en mnr. Havenga gelei na dr. Malan se kantoor elders in die gebou, waar laasgenoemde gesit en wag het.

**Samespreking**

Op dr. Malan se vraag of hy reken dat 'n mou gepas kan word aan die toestand, het mnr. Havenga nogeens verwys na sy Bloemfonteinse toespraak en sy gasheer dit op die hart gedruk dat die volksbelang syns insiens 'n verkiesingsooreenkoms tussen die nasionaalgesinde organisasies vereis.

Dr. Malan het gepraat van „praktiese moeilikhede". Indien daar 'n **vereniging** van die twee partye kon plaasvind, en gesê kon word dat werklike volkseenheid gevind was, sou dit miskien moontlik wees om 'n vergelyk te tref, maar hy het moeilikheid voorsien met 'n blote verkiesingsooreenkoms.

Hierteenoor het mnr. Havenga gestel dat hulle nie, ná wat gebeur het, daarin sou slaag om werklike eenheid te bewerkstellig deur middel van 'n werktuiglike vereniging van die twee partye nie. Hulle moes eers geleentheid en 'n gunstige atmosfeer skep vir herstel van vertroue en vir die aankweek van goedgesindheid. En niks sou, so het hy verder betoog, die proses van ware toenadering meer bevorder en die weg tot uiteindelike eenheid beter voorberei as gesamentlike optrede in die verkiesing nie.

**Maar afgesien van die moeilikhede in die weg van onmiddellike vereniging van hulle twee partye, het mnr. Havenga laat volg, sou dit die probleem van die nasionale Afrikanerdom nog nie oplos nie, omdat dit die ander twee nasionale organisasies, die O.B. en die Nuwe Orde-groep, sou buite laat. Die Afrikanerparty se voorwaarde, het hy dr. Malan weer aan herinner, is dat daar slegs dan 'n ooreenkoms kon kom deur erkenning en behoud van die aparte identiteit van die nasionaalgesinde groepe, en indien dit alle nasionale organisasies sou insluit. Hy (mnr. Havenga) sou nie bereid wees tot 'n ooreenkoms, van watter aard ook al, wat net daarop sou neerkom dat een groep nasionaliste tog optrek teen 'n ander groep of groepe nie. Wat die praktiese uitvoering betref, sou rekening gehou moes word met die bestaan van die verskillende parlementêre groepe en aan hulle sou moes toegeken word die setels tans deur hulle in die Parlement gehou.**

Dit is 'n kort samevatting van die gesprek wat plaasgevind het. Dr. Malan het ten besluite aan mnr. Havenga gesê dat daar baie moeilikhede in die weg sal wees, maar dat hulle die posisie verder moet „eksploreer" en oor die moeilikhede moet probeer heenkom. Hiermee het mnr. Havenga van hom afskeid geneem in die hartlikste en eenstemmigste gees.

**„Raadgewers Bedrywig"**

Maar toe het die dae begin verbygaan, die een na die ander, sonder dat mnr. Havenga iets verder van dr. Malan verneem het. In die wandelgange het ongunstige gerugte die ronde begin doen aangaande die bedrywighede van sommige van dr. Malan se vernaamste raadgewers, en eindelik, op Vrydagmiddag, het dr. Malan se afgesant weer by mnr. Havenga opgedaag met 'n heel kortaf boodskap, min of meer as volg: „Indien u nog iets met dr. Malan te bespreek het — hy laat weet dat hy môre na Hermanus vertrek."

Dit was hierop vir mnr. Havenga duidelik hoe die wind waai. Hy het aan dr. Malan se boodskapper gesê dat indien dr. Malan geen antwoord te gee het op die suggesties wat hy (mnr. Havenga) voorgelê het tydens hulle eerste gesprek nie, hy natuurlik niks meer het om te bespreek nie.

Dr. Malan se afgesant wou daarop weet wat mnr. Havenga se voorwaardes sou wees in geval van 'n verkiesingsooreenkoms. Mnr. Havenga het geantwoord dat hy sou verkies het om voorwaardes met dr. Malan self te bespreek. Die afgesant het egter daarop aangedring dat mnr. Havenga hom moes sê, waarop mnr. Havenga geantwoord het dat die Afrikanerparty die agt setels wil behou wat hulle op die oomblik het, en verder waarsynlik kandidate sal wil stel in Frankfort, Ermelo en Rustenburg.

Sy besoeker het daarop vertrek en na 'n kort rukkie teruggekeer met die boodskap dat „dr. Malan dink dat die Afrikanerparty se eise te hoog is".

Dit was die einde van die onderhandelings, en die volgende Maandag het mnr. Havenga uit Kaapstad vertrek.

In verband met dr. Malan se bewering dat mnr. Havenga „nie die versekering wou gee dat die Afrikanerparty na die verkiesing die H.N.P. sou bestry nie", dien daarop gewys te word dat mnr. Havenga aan dr. Malan aangebied het dat hy (dr. Malan) die parlementêre leier van die anti-oorlogskombinasie kon wees.


Voeg DIE DAAD by DIE WOORD Rook Vlam




Die Afrikaner-motoreienaar se tuiste in die teenswoordige motorwêreld.

Sy sterkte en Mekka in die na-oorlogse motorwêreld. Sorg dat u daarin bly as u reeds 'n TREKKER is — of sluit sonder versuim aan.

V.M.K. BPK., Groote-Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

VLAM, BPK., Groote-Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

*Takkantore dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika en Verteenwoordiging in Suidwes-Afrika.*

# Stalin se Wêrelddespotisme

## Gewetenlose Metodes van Bolsjewiste In Strewe na Rewolusie

**Na die onlangse aankondiging uit Moskou dat die Kommunistiese Internasionale (Komintern), die wêreldverband van die kommunistiese partye in alle lande ontbind is, en dat die kommunistiese gevaar as gevolg daarvan sou gewyk het, is dit interessant om te lees wat een van Stalin se hoofagente te sê het oor die wêreldpolitiek van Josef Stalin, die Russiese diktator. Ons sal aan die hand van 'n boek wat geskryf is deur die hoof van Stalin se spioenasiediens in Wes-Europa, W. G. Krivitsky, een en ander meedeel oor die duiwelse metodes en barbaarse despotisme van die man wat vandag aan die hoof van die Rooi Leër die hele westerse beskawing bedreig.**

Krivitsky het in 1937 met Stalin gebreek en het sedertdien sy boek in Amerika geskryf. Na beweer word is hy onlangs vermoor.

Die skrywer verklaar dat hy 'n oortuigde Bolsjewis was wie se enigste strewe dit was om 'n beter wêreld te bou. Vir sy werk het hy niks gevra en ook byna niks ontvang nie. Ondanks sy verantwoordelike werk wat hom meer as eenmaal in die tronk laat beland en sy lewe gedurig in gevaar gestel het, het hy nie genoeg ontvang om in sy gewone daelikse behoeftes te voorsien nie. Hy was nie in staat om sy woonvertrek in die winter te verwarm nie en nog minder om sy tweejarige seuntjie van melk te voorsien. Sy vertroue is vir die eerste maal geskok toe hy in 1933 gesien het hoe die Russiese volk by miljoene sterf aan honger as gevolg van Stalin se meedoënlose optrede, en dat alle staatshulp doelbewus weerhou is.

By een geleentheid wat hy in Rusland was, het hy saam met ander hoë amptenare in 'n luukse hotel voor die kaggel gesit onderwyl dit buite bitterlik koud was. Hulle het 'n heerlike maaltyd genuttig en ten einde die hongerige kindertjies weg te hou, is wagte rondom die hotel opgestel. Nogtans het van die kinders daarin geslaag om verby te glip en dan met groot hongerige oë deur die venster te loer. Op bevel van 'n beampte is hulle daar verwilder. Die skrywer het egter in die geheim brood aan hulle gegee, maar hy moes baie versigtig wees om nie gesien te word nie, want die stelreël van die kommunisme was om hardvogtig te wees in die stryd:

,,Ons is op die harde weg na sosialisme. Baie moet langs die pad val. Ons moet goed gevoed word en 'n paar weke elke jaar rus van ons arbeid en geriewe smaak wat ander nie mag smaak nie omdat ons die bouers is van 'n heerlike toekomstige lewe. Ons is die bouers van sosialisme en moet in vorm gehou word vir die harde werk. Aan ongelukkiges wat ons paaie kruis, sal later aandag geskenk word. Intussen, weg uit ons pad! Moenie ons met julle ellende lastig val nie! As ons gaan staan om vir julle 'n krummel te gee, sal ons miskien nooit die einddoel haal nie."

### MISDAAD OM BOER TE WEES

Onderweg terug het hy oor Kursk gegaan. Dit was 'n bitter koue oggend toe hy op die stasie aankom, en nadat hy 'n heerlike ontbyt genuttig het, het hy na die derdeklas-wagkamer gestap (in die ,,klaslose" kommunistiese paradys is daar dus ook klasse!). Wat hy daar gesien het, so verklaar hy, sal hy nooit kan vergeet nie. **,,Die wagkamer was vol mans, vroue en kinders geprop, boere — ongeveer seshonderd in getal — wat soos 'n trop beeste onder weg was van een kamptronk na 'n ander. Baie van hulle het omtrent nakend op die grond gelê. Ander was besig om aan tifus te sterf. Honger, pyn, verwaarlosing, of slegs lyding in spraaklose onderworpenheid was op elke gesig te lees. Onderwyl ek daar staan, het hardvogtige dienaars van die Ogpoe (geheime polisie) hulle soos 'n trop vee uitgedryf en die swakkeres gestamp en geskop. Dit was maar een beklaenswaardige groep van die miljoene eerlike boerefamilies wat Stalin onder die benaming ,,kulakke" — wat tans nie veel meer beteken as ,,slagoffer" nie — ontwortel, weggevoer en uitgeroei het."**

Krivitsky beweer dat Stalin in sy strewe na wêrelddespotisme een groot vrees gekoester het, en dit was vir Hitler. Hy het besef dat Duitsland tussen hom en sy strewe staan, en met die oog daarop het hy alles in sy vermoë gedoen om die vriendskap van Hitler te wen. Hy het Hitler beskou as 'n diktator soos hyself met wie daar 'n skikking getref kan word. Aan Hitler se kant, verklaar hy, was daar vyandigheid teenoor Stalin, maar aan laasgenoemde se kant was daar vrees.

Stalin se hele buitelandse beleid was in die laaste jare dan ook toegespits op 'n poging om soveel mag vir Moskou in te samel dat Hitler genoodsaak sou wees om sy medewerking te verleen. **Vir Stalin was alles blote magspolitiek waarvoor hy die kommunistiese ideale ingespan het. Die Komintern het dan ook later niks meer geword nie as 'n speelbal in die hande van Stalin. In werklikheid het Stalin alle beheer oor hierdie liggaam uitgeoefen deur middel van sy geheime polisie.** In die Komintern is 'n spesiale vertakking vir die doel aangebring. Geheime spioene van Stalin is in elke buitelandse kommunistiese party geprop wat dan gereeld verslag doen aan die Ogpoe. Hierdie afdeling is vandag in staat om elke golfie van buitelandse teenstand teen Stalin op te spoor. Dit volg elke draad wat van buitelandse kommuniste kan lei tot moontlike teenstanders binne die Russiese Kommunistiese Party.

### VERDWYNING

**Een van die belangrikste take van hierdie afdeling is om buitelandse kommuniste wat verdink word van ontrou teenoor Stalin op een of ander voorwendsel na Moskou te nooi. By hul aankoms word hulle dan aan die Ogpoe uitgelewer wat hulle laat verdwyn. ,,Die aantal kommuniste wat op hierdie wyse na hul vernietiging gelok is, sal waarskynlik nooit vasgestel kan word nie," verklaar die skrywer.**

In gevalle waar so 'n buitelandse kommunis groot invloed in sy land het, word sy invloed eers onskadelik gemaak voordat hom die genadeslag toegedien word. Hy word dan na Moskou geroep waar hom 'n oënskynlik hoogs belangrike taak opgedra word. Hy word by voorbeeld na Sjina gestuur waar hy losgeruk van sy eie omgewing in vreemde omstandighede noodwendig 'n mislukking van die onderneming maak. Sy mislukking word dan openbaar gemaak waarna met hom in veiligheid afgereken kan word. 'n Buitelandse kommunis wat in Stalin se onguns verval, word nooit weer toegelaat om na sy vaderland terug te keer as hy eers eenmaal in Rusland aangekom het nie.

Die verteenwoordigers van buitelandse kommunistiese partye leef op staatskoste in Moskou, maar hulle is aan gedurige spioenasie onderhewig. Tydens die groot suiwering was daar 'n algemene opruiming en likwidering van hulle in Rusland. Van die buitelandse konsuls is verwag dat hulle hul volksgenote moes verraai en uitlewer, wat hulle dan ook geredelik gedoen het ten einde hul eie nekke te red.

**Die skrywer verklaar dat dit ironies genoeg is dat in hierdie tyd — toe die Komintern die werktuig van Stalin en die Ogpoe geword het, Rusland die hoogtepunt van sy prestige in die oë van die demokratiese lande bereik het.**

(Word vervolg.)

### MAAR SOMMER POLITIEK

## Ondermyning van Volk se Eerlikheidsbesef

Tot hoe 'n mate die beginsellose partypolitiek, waarin die Britse gewetensrekbaarheid opgeneem is, ons volk se opvatting van eerlikheid reeds ondermyn het, blyk uit die volgende staaltjie. 'n Generaal van die Ossewabrandwag loop 'n tydjie gelede 'n sekere kennis op 'n Kaaplandse dorp raak, wat so in sy spaartydjies organisasiewerk doen vir die H.N.P. Daar word 'n bietjie geredeneer oor die broederstryd, en die Generaal stel die volgende vraag aan sy vriend: ,,Oom Isak, maar hoe verklaar jy dit dat dr. Malan dr. Van Rensburg beskuldig dat hy met Smuts skakel en terselfdertyd hom van nasionaal-sosialisme beskuldig?"

Oom Isak: ,,Ag man, jy weet mos dis sommer politiek!"

Bismarck het eenmaal van die Engelse gesê dat hulle goed en gaaf in die omgang is, maar in die politiek hang hulle hul gewete by hul reënjas op. Ons volk is vinnig op pad om dieselfde weg op te gaan.

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Somers-PAKKE



HIERDIE seisoen sal u behoefte hê aan 'n deftige Somerspak. Waarom tweekeer soveel betaal vir 'n Snyerspak as ons u een aanbied teen slegs

£6-17-6

Die pakke is netjies afgewerk en die kwaliteit is van die beste. Verkrygbaar in Dubbel- en Enkelbors.

Silwerpleet Sigaretdose met die kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui word. 'n Pragtige geskenk; slegs 10/6 elk.

Uniewinkels
(Ko-operatief) Beperk
Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.
Posbus 909. PRETORIA.

VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.
3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.
2½% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.
2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koöp.) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA.



Die Volk se Bank.




EM Bpk.

AFRIKANERSAKE gaan van krag tot krag. Die jongste volksprestasie is dié van Excelsior Meubels, wat vinnig die mark verower met meubels vervaardig deur Afrikaners, bemark deur en vir die gebruik van Afrikaners.

DRA u deel by in hierdie grootste strewe na selfstandigheid in die meubelwêreld. Koop u meubels by Excelsior en deel in die winste deur self 'n aandeelhouer te word. Excelsior Meubels besit reeds twee Fabrieke en vier takwinkels onder dié naam in Johannesburg, Pretoria, Germiston en Bloemfontein asook Goodwood Meubileerders (Edms.) Bpk. van Pretoria en L. D. Phillips (Edms.) Bpk. van Kaapstad wat onder hul name voortbestaan.

'n Kunsbrosjure sal gratis aan u gestuur word indien u meer wil weet van ons prestasies, doel en dienste.

Die Sekretaris,
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK,
Posbus 6670 JOHANNESBURG Spoorbondkasgebou
Stuur u brosjure aan: M......................................
..........................................................
OB 1 ..........................................................

Advertensies op Hoofartikelblad

## KOOP U EIE

| | |
|---|---|
| O.B. Skryfblok | 2/6 elk. |
| O.B. Musiekbundel | 2/6 ,, |
| K.G. Portret | 1/- ,, |
| K.G. Knopies | 1/- ,, |
| Vierkleur Vlaggies | 1/- ,, |

## KENNIS IS MAG ! !

Lees:

(1) Die O.B. Vanwaar en Waarheen . . . . . . 1/- elk.

(2) Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk 9d. elk.

(3) Drie toesprake van die K.G. oor
a. Parlementsverkiesing
b. Die Soldate
c. Die Kommunisme . . 9d. elk.

(4) Lewensbeskrywing en eerste drie toesprake van die K.G. . . . . . . . . . 6d. elk.

**OOK DIE VOLGENDE BELANGRIKE BROSJURES:**

1. Demokrasie of Volkstaat (deur dr. P. J. Meyer) 9d. elk.
2. Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat . . . . . . . . . 9d. ,,
3. Toekomstige ordening van die Volksbeweging in S.A. 9d. ,,
4. Die Vooraand van ons Vrywording . . . . . . 9d. ,,

**Bly op hoogte met die Doel en Strewe van die Ossewabrandwag.**

Bestel dadelik u voorraad by:—

**Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

## O.B. MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

***Prys 2/6 Posvry.***

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

**Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

***DINK AAN 8 AUGUSTUS***

DIE O.B., WOENSDAG, 30 JUN. 1943

# Leier van Gestorwe Volk sy Ideaal

Het die Bose 'n bestaansreg? Wat sal dit ons baat om daaroor te redeneer of om vir mekaar te beduie dat die Bose eintlik goed behoort te gewees en liewer saam met ons moes gewerk het? Dit verander niks aan die feit dat daar 'n bose mag in die wêreld is nie, **en die een wat nie daarmee rekening hou nie, sal die slagoffer word daarvan. Hy is 'n dwaas.**

Het daardie berg tussen ons en die vyand 'n bestaansreg? Wat sal dit 'n veldheer baat om daaroor te redeneer, of om vir sy manskappe te beduie dat die berg nie daar behoort te gewees het nie maar liewer agter hul rug sodat hulle die vyand van daaruit kon beskiet? Dit verander niks aan die feit dat daar 'n berg is nie, **en die veldheer wat weier om die berg te gebruik soos die natuur hom daar gestel het, is geen veldheer nie, hy is 'n dwaas.**

As dr. Malan die Ossewabrandwag, die Nuwe Orde en die Afrikanerparty vandag beskou as organisasies wat geen bestaansreg het nie, is dit verstandig van hom om in die praktyk, waar hierdie organisasies WEL bestaan, te handel asof hy reeds in sy politieke hemel is waar hierdie drie organisasies NIE bestaan nie?

Ons is nie voornemens om hier in te gaan op die bestaansgronde van die Ossewabrandwag of die ander organisasies nie. **Net so min as wat die hele nasionale Afrikanerdom ooit daarin geslaag het om die Sappe te oortuig dat hulle verkeerd is, net so min is dit moontlik vir dr. Malan om die lede van hierdie organisasies te oortuig dat hulle verkeerd is.** Die feit dat hulle daar is, is genoegsame rede dat hulle grond het om te bestaan, of dr. Malan nou ook al daardie grond wil erken of nie erken nie. Aan die feitlike bestaan van daardie organisasies kan sy erkenning of miskenning geen jota of tittel verander nie. **Die beste wat hy kan doen, indien daar maar net 'n skyn van realisme in sy beleid is, is om rekening te hou met hulle bestaan net soos die veldheer verplig is om rekening te hou met die berg in sy pad.**

En het dr. Malan blyke gegee van so 'n realisme? **Nee, hy eis dat die enigste grondslag vir samewerking in die verkiesing moet wees dat die ander groepe hulself ontbind en by sy party kom aansluit!**

Toe die Ossewabrandwag sy verkiesingsaanbod aan die politieke leiers gerig het, het hy rekening gehou met die praktiese feite voor hom. Hy het homself nie as regter aangestel om uit te maak wie reg of verkeerd is nie, maar hy het gesê: Laat ons uitgaan van die erkenning van die verdeelde toestand waarin ons vandag verkeer; laat ons die beste maak uit die slegte toestand waarin ons volk hom vandag bevind; laat ons vir die oomblik alle verwyte vergeet en die vyand te lyf gaan met die hoogste mate van eenheid, al is dit dan nie 'n volmaakte eenheid nie. En die beste manier om dit te verky, is dat die politieke partye, d.w.s. diegene wat belang het by die stelling van kandidate, onderling ooreenkom om mekaar nie te beveg nie, soos die Nasionale Party en Arbeidersparty in 1924 ooreengekom het. Die kandidate wat dan so deur hulle benoem word met die oog op die grootste moontlike ondersteuning, sal deur die Ossewabrandwag aanvaar word as volkskandidate aan wie hy as organisasie sy daadwerklike steun sal gee.

Die Ossewabrandwag het gesê: Laat ons gebruik maak van die berg wat daar staan, al staan hy nou nie juis op 'n plek waar ons hom graag sou wou hê nie. **Deur hom nie te wil erken nie, maar die vyand storm te loop asof daar geen berg is nie, kan ons slegs ons volk in die grootste ongeluk dompel. Om mekaar daarna te verwyt, kan niks daaraan verhelp nie, behalwe om toe te voeg tot ons ellende.**

Op Vryburg het dr. Malan gesê dat hierdie verkiesing gaan beslis ,,of die volk na die lewe sal gaan of na die dood''. As dit so is, dan het dr. Malan besluit dat ons volk na die dood sal gaan, want liewer as om die Ossewabrandwag en die ander groepe se bestaan te erken, **en daardeur te verseker dat ons volk gesamentlik optree,** verkies hy om vingeralleen nie net teen die vyand nie, maar ook teen sy mede-Afrikaners op te trek. Vir watter doel? **Net om seker te maak dat sy party ná die verkiesing die enigste oorblywende opposisie sal wees!** Watter ander rede kan daar wees? As dr. Malan in 'n verkiesing **wat die dood of die lewe van sy volk gaan bepaal** — soos hy meen die geval is — **alleen dan bereid is om saam te werk as die ander selfmoord pleeg,** dan het ons die reg om te beweer dat hy samewerking weier omdat hy kans sien om deur middel van die verkiesing **die ander groepe te vernietig, want by hom weeg die dood van die ander organisasies dan swaarder as die lewe van sy volk.**

Dr. Malan se beleid is blykbaar: Liewer **alleen**-leier van 'n gestorwe volk as **mede**-leier van 'n lewende volk!

(Hoofartikel en alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe, tensy anders vermeld, is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

# Min of Meer Belangrik.

### *Arme Kiesers !*

Die Volksblad van 22 Mei: ,,Die H.N.P. word gevra om mense (Afrikanerparty) Parlement toe te stuur wie se parlementêre leier, genl. Conroy, verklaar het dat **die oorlog die enigste verskil is tussen hom en genl. Smuts . . .**''

Die Volksblad van 19 Junie in 'n opskrif: **,,A.P. teen Onsydigheid''!**

Die Volksblad van 22 Mei: ,,Die Afrikanerparty het egter sedert die onverkwiklike gebeurtenisse op die Vrystaatse herenigingskongres NOG GEEN ENKELE FUNDAMENTELE GESKILPUNT kon opnoem wat dit vir sy ondersteuners onmoontlik maak om hul lot eenvoudig by die H.N.P. in te werp nie.''

Wat 'n toonbeeld van eleksie-kaf en politieke plooibaarheid!

* * *

### *Wil Engels Afskaf*

Tydens die onlangse verkiesingsveldtog in Ierland het president De Valera hom sterk uitgelaat teen Engels as landstaal. Hy het die hoop uitgespreek om 'n groot volksorganisasie in die lewe te roep ten einde Iers volkome as die landstaal te herstel. **Die Engelse taal in Eire, het hy gesê, is die kenteken van verowering.**

Engels is die tweede landstaal in Ierland, en is die huistaal van 75 persent van die bevolking.

* * *

### *Wil Engels Beskerm*

Op Paarl het dr. D. F. Malan, wat enige maande gelede 'n konsep-konstitusie van die toekomstige republiek gepubliseer het waarin Afrikaans as eerste en Engels as tweede landstaal erken word, nog 'n stap verder teruggegaan op hierdie neergelegde beleid. Volgens verslag in Die Burger van 19 Junie het hy die volgende gesê: ,,Ons as party is bereid om nie alleen die Engelse taal en kultuurregte te erken nie, **maar dit ook te beskerm net soos ons ons eie beskerm.''**

Dr. Malan het in dieselfde toespraak ook die volgende verklaar: **,,Ons het geen grief teen Engeland sover as Engeland se houding tot S.A. betref nie.''**

* * *

### *Beter Geriewe*

Min. J. H. Hofmeyr het verlede week op Malmesbury die volgende rede aangevoer vir die nuwe noodregulasie waarkragtens Unie-burgers na die oerwoude van Afrika verban kan word: ,,Die Regering het nie die nodige interneringsgeriewe in die Unie nie en vandaar die nuwe regulasie.''

Die enigste gerief wat donker Afrika miskien kan hê wat die beskawing nie het nie, is dat die Regering daar 'n hele aantal tropiese siektes en die dood as bondgenote kan hê om die slagoffers te bewaak.

• • •

### *Ierse Volk Verbrokkel*

Die uitslag van die verkiesing in Ierland het ten gevolge gehad dat De Valera se regeringsparty in die minderheid gekom het teenoor die drie ander partye, hoewel dit nog meer setels as enige van die ander partye verower het. Hy het slegs 67 gewen vergeleke met 77 wat hy voorheen gehad het.

De Valera het nog nie sy ideaal van 'n verenigde vrye Ierland bereik nie, en die moontlikheid bestaan dat hy nou al deur partypolitieke verdeeldheid belet sal word om dit ooit te bereik. 'n Splinternuwe party wat opgeduik het, die Boereparty, het veertien setels verower, en sodoende verdere verdeeldheid in Ierse geledere gebring.

• • •

### *Stakings in V.S.A.*

Stakings het verlede week opnuut in Amerika se steenkoolmyne uitgebreek met noodlottige gevolge vir die staalbedryf. Oor die naweek van 20 Junie het 500,000 mynwerkers gestaak, en hoewel hul leier, John Lewis, 'n paar dae later opdrag gegee het om weer te werk, het daar 'n week later nog meer as die helfte ledig gelê. Teen daardie tyd het veertien uit die 37 hoogoonde van die grootste staalonderneming in Amerika weens gebrek aan steenkool stilgestaan. Dit is 'n eersterangse krisis vir 'n oorlogvoerende moondheid.

## WAPENSKOU SE JUNIE-NOMMER

Wapenskou, amptelike orgaan van die A.N.S., en die publikasiemedium vir die amptelike O.B.-studielaerstukke, het in sy pasverskene Junienommer weer 'n hele reeks artikels wat die gewone O.B.-lid behoort te lees. Prof. L. J. du Plessis, studielaerleier, het 'n baie insiggewende artikel, nl. ,,Revolusie, Nasionaal-sosialisme, Leierskap, en Calvinisme'', waarin hy die heersende woordegeskil i.v.m. bestaande begrippe op 'n heldere en saaklike wyse ontleed, en onmiskenbare leiding aangee. 'n Ander uitstaande bydrae is die historiese studie deur hoofkomdt. J. F. W. Haak i.v.m. ,,Die Historiese Wording van die Afrikaanse Volksbeweging''. Velerlei amptelike stukke uit die Milnertyd word aangehaal om die sluwe Engelse veroweringstaktiek ná die Vrede van Vereeniging aan te dui. Dr. H. J. van Eck, hoof van die Planneraad en die Nywerheidskorporasie, tree ook met revolusionêre opvattings i.v.m. die toekomstige ekonomiese beleid vir S.A. te voorskyn in sy Bloemfonteinreferaat, wat volledig in Wapenskou afgedruk word. Elke O.B.-lid behoort verder kennis te neem van prof. dr. E. E. van Rooyen se belangwekkende artikel oor ,,Die Verhouding van Kerk tot Staat''.

Ander belangwekkende bydraes is dr. F. J. M. Potgieter se studie: ,,Wat is dan eintlik die Calvinisme?'', ,,Die Staalbedryf in S.A.'', ,,Die Nedersettingsbeleid in S.A. (Bughuberg-Karosskema), Bespreking i.v.m. die oplossing van die naturellevraagstuk, sowel as artikels waarin die ontstaan en betekenis van die A.N.S. in die afgelope dekade geskets word.

Hierdie nommer kan teen 1/6 by die Uitgewers, Bus 28, Stellenbosch, verkry word. Die intekengeld vir 'n volle jaargang is slegs 5/-. Wapenskou verskyn kwartaalliks.

## PANTSER TEEN DREIGENDE MAGTE

**Na 7 Julie staan die Ossewabrandwag as die pantser van die Afrikanerdom teen dreigende magte wat deur geen parlementêre debatte gekeer sal kan word nie.**

**Die Ossewabrandwag is egter van u bydrae op 8 Augustus afhanklik om sy taak te kan vervul! Begin vandag daarmee!**

## *'N VOLK IN BEWEGING TWIS NIE.*



'n Tafereel uit die Ossewatrek van 1938.

*Toe ons volk, drie maande ná die swart verkiesing van 18 Mei 1938, mekaar eindelik agter die trekkende ossewaentjies gevind het, is alle geskilpunte vergeet. Soos een man het hulle voortbeweeg na die doelpunt van vryheid. Aan die oneerbare broederstryd is nooit weer gedink nie.*

*'n Volk in beweging maak nie rusie nie. Uit die Ossewatrek is gebore die Ossewabrandwag, die volksbeweging van die Afrikanerdom wat onstuitbaar voortbeweeg na Vryheid en Eenheid.*

*Op 8 Augustus is daar weer geleentheid om die vriendskapsbande wat op 7 Julie verwoes is, te herstel soos vyf jaar gelede!*

*Op 8 Augustus herdenk die Ossewabrandwag die dag waarop ons volk in beweging gekom het.*

# O.B.-Leiers Wys op Ongerymdhede In Broederstryd

**Voor 'n gehoor wat op ondubbelsinnige wyse sy geesdrif vir en vertroue in die Ossewabrandwag gedemonstreer het, het die K.G. en A.K.G. op 21 Junie op Cradock die O.B. se verkiesingsbeleid behandel.**

**Die stadsaal waarin die vergadering gehou is, was van hoek tot kant gevul met 800 O.B.-offisiere en -lede, terwyl 400 belangstellendes nie binne die saal plek kon kry nie.**

Ten aanvang het dr. Van Rensburg verwys na die vervolging wat die O.B. gedurende die afgelope twee jaar moes verduur en na brandwagte wat „straf van 10, 15 of 36 jaar tronkstraf opgelê is, maar nog hulle hakke teen mekaar klap en uitroep, ‚Lank lewe die Ossewabrandwag'."

Voorts het hy onder dawerende toejuiging verklaar dat die O.B. sal bly voortbestaan, ondanks genl. Smuts, ondanks dr. Colin Steyn, en ondanks dr. D. F. Malan of enigiemand anders. Spreker het verwys na die stokou klag teen die O.B. as sou hy met veldm. Smuts skakel en na 'n artikel in die jongste uitgaaf van Die Kruithoring, amptelike strydblad van die Herenigde Party, waarin verklaar word dat hy (dr. Van Rensburg) en genl. J. A. Smith met veldm. Smuts skakel. „Die drie direkteure van die blaadjie is dr. Malan, hoof-leier van die H.P., dr. Karl Bremer, voorsitter van die Party in Kaapland, en adv. F. C. Erasmus, sekretaris van die Party.

**Brandwagte het die artikel onder die aandag van dr. Bremer gebring en dr. Bremer het dadelik as direkteur van die blaadjie bedank. Op George het mnr. A. J. Werth in die openbaar die artikel beskryf as 'n sotheid en 'n onwaarheid as sy protes teen die publikasie van sulke sothede aan die blad getelegrafeer," het dr. Van Rensburg verklaar.**

„Nou wil ek aan hierdie twee kandidate vra of dit alleen 'n sotheid en 'n onwaarheid is op die vooraand van 'n verkiesing," het hy vervolg en daaraan toegevoeg dat indien dit nie op die vooraand van 'n verkiesing 'n **sotheid** en onwaarheid is nie, **waarom het hulle dan vader en seun, moeder en dogter uitmekaar laat skeur in die verlede op grond van presies dieselfde dinge?"**

Vervolgens het spreker tot groot vermaak van die gehoor 'n brief van mnr. Tom Naudé, hoofsweep van die H.N.P. voorgelees. Daarin vra hy dr. Van Rensburg „om maar net aan die O.B.-offisiere in Pietersburg te sê om hom (mnr. Naudé) te help in die verkiesing en so 'n arme drenkeling te red, want die Sappe juig reeds oor 'n oorwinning." „Besin u, Jan Smuts se betaalde agent moet nou dr. D. F. Malan se hoofsweep help aan 'n setel," het dr. Van Rensburg onder groot gelag uitgeroep.

Dr. Van Rensburg is voorafgegaan deur genl. Smith. Hy het verklaar dat sekere kandidate van die H.N.P. nou rondloop en sê dat hulle die O.B. goedgesind is en glad nie vyandig teenoor hom staan nie.

Voordát hulle egter as kandidaat van die H.N.P. kan staan moet hulle eers 'n eed voor God aflê dat hulle nie aan enige ander organisasie sal behoort en geen ander organisasie sal steun nie. „Hulle is die gesworе vyande van die O.B. ten spyte van die verkiesingspraatjies," het mnr. Smith onder byvalsbetuiging verklaar. „As kandidate vandag sê hulle het ons nodig, sê ons op ons beurt dat ons hulle nodig het en vra ons hulle om ons lidmaatskapkaartjie te kom teken," het hy daaraan toegevoeg, „maar dit kan hulle nie doen nie, want hulle het gesweer hulle sal dit nie doen."

## OOK HULLE PROTESTEER WAT WEGBLY

**Dit is duidelik dat duisende Afrikaners nie bereid is om in hierdie partyverkiesing hul stemme uit te bring vir partye wat onderling met mekaar strydvoer nie.**

**Hierdie duisende stemme wat nie uitgebring word nie, sal dus ook beskou moet word as 'n protes teen die Empire-bewind en die oorlog.**

**Hierdie duisende stemme sal ook beskou kan word as 'n protes teen die kleinlike partypolitiek wat op 'n oomblik van volksnood nie bokant die eie-partybelang kan opstyg nie.**

## AMERIKAANSE MATROOS VRYGESPREEK

### Aanranding op O.B.-generaal

BLOEMFONTEIN, 17 Junie. — Die saak teen 'n Amerikaanse matroos wat in die Bloemfonteinse magistraatshof beskuldig gestaan het op aanklag dat hy gebiedshoofgeneraal J. F. van der Merwe aangerand het, is uitgegooi. Die magistraat het beding dat die uitwysing van die beskuldigde so onbevredigend is, dat daar geen moontlikheid bestaan dat die hof die beskuldigde skuldig kan vind nie. In die loop van die saak is getuienis gelewer ten effekte dat genl. Van der Merwe sy bewussyn verloor het nadat hy met 'n bottel teen die ken geslaan was en dat hy kort daarna in die hospitaal behandel moes word.

Die aanranding van genl. Van der Merwe die aand van 19 Mei, het op die Bloemfonteinse spoorwegstasie plaasgevind. **Die spoorwegpolisie is onmiddellik genader om aksie te neem, dog hulle het te kenne gegee dat dit 'n saak vir die militêre polisie was. Alleen één lid van die militêre polisie was te vinde maar hy was eerlik genoeg om te erken dat hy bang was om op te tree. Dat geen militêre polisie opgedaag het nie, dat geen konstabel van die Spoorwegpolisie beskikbaar was om te sê wie die aanrander was nie, beteken 'n belangrike skakel wat in die kroongetuienis in hierdie besondere saak ontbreek het.** Indien die Spoorwegpolisie of militêre polisie die saak op die toneel van die voorval ondersoek het, sou die getuienis in belang van die klaer 'n perd van ander kleur gewees het. Daar bestaan die aangewese moontlikheid dat die aanrander of aanranders op heterdaad in hegtenis geneem sou kon word en nie later sou vertrek het nie. Daar bestaan die moontlikheid dat 'n konstabel — iemand met kennis van die hof-atmosfeer — sou moes getuig in plaas van ander wat die aanrander(s) gesien het in 'n moment van wanorde toe begryplikerwys meer aandag aan die beseerde as aan die persoon of voorkoms van die aanrander(s) geskenk is. As 'n matroos deur 'n Afrikaner aangerand was — sou die Spoorwegpolisie of militêre polisie ook so min aandag bestee het?

## KANDIDATE ONWILLIG SELFMOORD TE PLEEG

### Gegriefdheid Ontwikkel teen Leier se Optrede

Na verneem word is daar sekere kandidate van die H.N.P. wat begin voel dat hulle deur dr. Malan nie net in die steek gelaat is met sy beleid om hulle te stalingrad nie, maar ook tot 'n mate mislei is. Soos 'n tyd gelede berig, is dit dr. Malan se beleid om van hierdie verkiesing 'n groot stalingrad te maak, d.w.s. om deur hardnekkige weiering van alle aangebode hulp sorg te dra dat 'n aantal kandidate nie die paal haal nie. Daar sou egter gesorg word dat ou staatmakers wel hul setels behou. Daar is in geslote kringe verklaar dat die H.N.P. dit kan bekostig om net met sewe lede na die parlement terug te keer solank net seker gemaak word dat die ander opposisiegroepe uitgeskakel word. Die idee was dan om die oorsaak van die verkiesingsnederlaag in die skoene van die Ossewabrandwag te skuif. Om hierdie rede veral was dr. Malan baie ongeneë om die verkiesingsaanbod van die Ossewabrandwag te aanvaar, want indien hy dit so kon bewerkstellig dat die Ossewabrandwag verplig is om 'n afsydige houding in te neem, kan hy soveel makliker die skuld op sy skouers pak.

**Aan kandidate is egter voorgehou dat hulle wel die steun van individuele O.B.-lede sal ontvang, sodat dit niks maak wat die amptelike houding van die Ossewabrandwag is nie. Daar is op gewys dat as die verkiesingskoors die volk beetpak, alle O.B.-lede tog maar sal gaan stem al is dit vir mense wat hul beweging vyandiggesind is.** Kandidate het op hierdie versekering gebou, want niemand was bereid om terwille van die party gestalingrad te word nie. Elkeen het gehoop dat hy

(Vervolg in voorgaande kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

weer die paal sal haal. **Nou blyk dit egter dat daar tog talle mense is wat so teleurgesteld voel oor dr. Malan se weiering om 'n verkiesingsfront te help stig as gevolg waarvan die verkiesing by voorbaat tans niks anders as 'n klug is nie, dat hulle verkies om buite stemming te bly.** Verskeie kandidate se posisie word hierdeur getref. Hulle begin nou te besef dat hulle in die steek gelaat is, **nie deur die Ossewabrandwag wat sy hulp aangebied het nie, maar deur dr. Malan wat daardie aanbod van die hand gewys het.** Indien dr. Malan die O.B.-aanbod aanvaar het, sou hul posisie honderd persent seker gewees het. **Die teleurstelling by hierdie kandidate word verskerp wanneer hulle merk hoe daar in 'n paar kiesafdelings soos Potgietersrust, Brakpan en Vryheid eensgesinde optrede is deurdat die plaaslike leiers van die verskillende groepe daar op grondslag van die O.B.-voorstel hartlik saamwerk. In daardie kiesafdelings is die oorwinning van die H.N.P.-kandidate by voorbaat verseker.** In die ander gevalle egter, waar nie vooraf samewerking met die ander groepe gesoek is nie, is die kandidate gedoemd om die rol van martelaar te speel in dr. Malan se uitdelgingsbeleid.

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

„Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf Vertoning.)*

*Vanaf 28 Junie tot 9 Julie in Oos-Transvaal.*

*Vanaf 10 Julie tot 20 Julie in Noord Transvaal.*

Let op vir Plakate en Aankondigings in die „Die O.B." wanneer u dorp besoek word.

# Sewe Pogings tot Samewerking Deur een Man Verongeluk

## Oorsaak van Afrikanerdom se Verdeelde Optrede in Verkiesing

**Waarom het die Afrikanerdom hierdie verkiesing met verbrokkelde kragte aangepak? Was die leiers van die onderskeie groepe dan te hardkoppig om hul persoonlike griewe opsy te skuif terwille van die groot volksaak? Hierdie vrae kan alleen beantwoord word as ons 'n kort oorsig gee van die pogings om 'n eenheidsfront te vorm met die oog op 'n algemene verkiesing. Daaruit blyk dat alle leiers gewillig was om saam te werk, behalwe een, en daardie een is dr. D. F. Malan, wat keer op keer elke poging tot samewerking verydel het.. Hier volg die feite:**

1. In Junie verlede jaar het genl. E. A. Conroy, parlementêre leier van die Afrikanerparty op 'n reeks vergaderings 'n verkiesingsfront tussen die nasionaalgesinde partye voorgestel. Hy het aangevoer dat daar meer punte van ooreenstemming as punte van verskil bestaan, en daarom behoort samewerking veel makliker te wees as wat dit in 1924 was toe die Nas. Party en die Arbeidersparty 'n verkiesingsooreenkoms aangegaan het. **Die enigste antwoord op hierdie versoeningsgebaar was 'n beskuldiging deur dr. Malan en sy pers dat genl. Conroy bekommerd is oor sy setel.**

2. Omstreeks dieselfde tyd het daar in die Transvaalse Hoëveld 'n komitee ontstaan, die sogenaamde Saamwerkkomitee van 21, bestaande uit lede van alle nasionaalgesinde groepe. Na langdurige briefwisseling het hierdie komitee 'n samespreking tussen die vier politieke leiers gereël vir 17 September — die dag waarop die Herenigde Party sy kongres in Pretoria sou hou. Dr. Malan, mnr. Havenga, adv. Pirow en dr. Van Rensburg is in kennis gestel van die reëling, en laasgenoemde drie was dan ook op die vasgestelde tyd teenwoordig. **Die samekoms is gereël digby die saal waar dr. Malan kongres gehou het, maar hy het nie sy verskyning gemaak nie. Sy verskoning was dat ,,dit nie die manier is om die saak te reël as 'n mens 'n verkiesingsooreenkoms wil hê nie. Die metode is dat die partye mekaar regstreeks nader.''** (Die Burger 18 Sept. 1942.) **Verder het hy ook aangevoer dat hy mnr. Pirow nie kan ontmoet nie omdat hy sou verklaar het dat hy nie belangstel in die parlement nie, en indien hy dr. Van Rensburg sou ontmoet, sou hy hom, ,,as die leier van 'n politieke party (moet) erken en ek is nie bereid om die O.B. in enige omstandighede as sodanig te erken nie''.**

DAREM POLITIEK

Hier kan net daarop gewys word dat dr. Malan elf maande tevore die Ossewabrandwag skriftelik tot 'n politieke organisasie verklaar het en met die oog daarop 'n beroep op sy partyvolgelinge gedoen het om uit die O.B. te bedank omdat hulle nie tegelyk aan twee politieke organisasies kan behoort nie!

Hiermee was die poging om 'n beter verstandhouding tussen die Afrikaanse groepe te bewerkstellig, van die baan.

3. Op 4 Januarie is 'n derde poging aangewend en wel deur die Ossewabrandwag in die vorm van 'n amptelike verklaring, uitgereik deur die Kommandant-generaal, waarin hy 'n aanbod ten opsigte van die verkiesing maak. **Hiervolgens onderneem die Ossewabrandwag om sy hele gewig, organisatories sowel as andersins, in die verkiesing teen die Empire in te werp indien die partyleiers net ooreenkom om mekaar nie onderling te beveg nie.** Die O.B. wou nie self betrokke wees in so 'n reëling nie. Dit het vir hom nie saak gemaak op watter grondslag die partye 'n ooreenkoms aangaan nie, solank daar net nie driehoekige gevegte sal wees nie.

Aan die drie nasionaalgesinde leiers is elkeen 'n afskrif van die aanbod gestuur. Mnr. Havenga en die Nuwe Orde-groep het hierdie grondslag aanvaar en hulle daarmee vereenselwig. **Slegs dr. Malan het geswyg soos die graf.**

4. In dieselfde maand het die Afrikanerparty 'n kongres in Bloemfontein gehou by watter geleentheid mnr. Havenga 'n openbare uitnodiging tot samewerking aan alle nasionaalgesinde groepe gerig het. Hy het beklemtoon dat ons nasionale belang vereis dat daar saamgewerk moet word. Dit kan geskied met behoud van die groepe se afsonderlike identiteit. Geen eenheid is moontlik deur te probeer twee of meer groepe te vernietig nie. **Hierdie uitnodiging het, sover dit dr. Malan betref, ook op dowe ore geval.**

VERSWYG

5. Drie maande later het die Ossewabrandwag weer 'n poging aangewend. In 'n toespraak op Stellenbosch het dr. Van Rensburg die Ossewabrandwag se aanbod herhaal en verwys na die aanvaarding daarvan deur mnr. Havenga en adv. Pirow. Hy het beklemtoon dat dit deur aldrie die politieke leiers aanvaar moet word omdat die Ossewabrandwag nie bereid is om saam met twee groepe teen 'n derde te werk nie. **,,indien een leier weier, moet hy weet dat hy daarmee die hele eenheidsfront torpedeer,'' het die Kommandant-generaal met nadruk verklaar. Op hierdie vergadering was daar 'n verslaggewer van Die Burger. Hy het so sterk onder die indruk van die belangrikheid van die voorstel gekom dat hy die manuskrip gevra het. Hy is daarmee weg, maar geen enkele woord van die vergadering of toespraak het in die nasionale koerante verskyn nie. Hierdie aanbod is eenvoudig deur die Malan-pers doodgeswyg!**

6. Nog 'n poging van O.B.-kant is hierop aangewend. Nadat adv. Pirow verklaar het dat sy groep al hul setels opoffer terwille van eenheid, het die Adjunk-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, 'n verklaring in die pers gedoen. Hy het daarop gewys dat hierdie stap 'n groter verantwoordelikheid op die skouers van dr. Malan laai. **Alles hang nou af van wat hy gaan doen. Dit was egter tevergeefs. Dr. Malan het soos die Egiptiese sfinks geswyg en intussen voortgegaan om kandidate te sif vir die broederstryd.** Elkeen moes 'n verklaring onderteken waarin hy belowe om geen lid of ondersteuner van die Ossewabrandwag te wees en om nooit 'n verstandhouding van enige aard met die beweging te hê nie.

7. Intussen het mnr. Havenga na Kaapstad gekom en 'n onderhoud is

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van voorgaande kolom)

tussen hom en dr. Malan gereël. Volgens dr. Malan se persverklaring kort daarna, het mnr. Havenga 'n verkiesingsooreenkoms voorgestel, **maar het hy (dr. Malan) dit geweier omdat hy nie kans gesien het om aan die Afrikanerparty die agt setels te gee wat sy lede in die Volksraad verteenwoordig nie.** Later het hy in sy toesprake te kenne gegee dat daar net een grondslag vir samewerking is, naamlik die ontbinding van alle nasionaalgesinde groepe buiten die H.N.P.!

Een man het volhardend in die pad van 'n verkiesingsfront gestaan. Daardie man is D. F. Malan. Indien die Afrikanerdom op 7 Julie met skande daarvan afkom, een man dra die verantwoordelikheid daarvoor — die man wat die eenheidsfront getorpedeer het deur konsekwent alle versoeke tot samwerking te weier.

*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

Opgestel deur Hester Morrison
MEV. W. VAN HUYSSTEEN

Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur

M. L. de Villiers

Komponis van ,,Die Stem van Suid-Afrika.''

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

# Drie Partyleiers oor 'n Rupubliek

**In hierdie tyd van verkiesingshisterie word die waarheid dikwels en swaar getref. Die een Afrikaner lê die ander dinge in die mond wat hy miskien nooit gesê het nie, of verswyg wat hy wel gesê het. Daar is reeds beskuldigings in verband met die republikeinse vraagstuk gemaak. Terwille van die waarheid plaas ons hieronder die uitlatings van die drie partyleiers oor 'n republiek wat almal in die afgelope maand gemaak en dus hul jongste standpunt moet verteenwoordig. Lesers kan dan self oordeel vir wie van die drie 'n republiek praktiese politiek is.**

**GENL. SMUTS**

In Kaapstad het genl. J. C. Smuts op 1 Junie sy standpunt ten opsigte van 'n republiek as volg gegee:

,,Ek sluit nie die moontlikheid uit dat ons eendag 'n republiek kan word nie. **Niemand kan die ontwikkeling van 'n nasie belet nie. MAAR** as ons 'n republiek buite die Britse Statebond kry, **moet dit geskied in gevolge die verenigde besluit van die volk. Een seksie mag nie sy standpunt op die ander afdwing nie. Die Engelse en Afrikaners moet soos 'n verenigde volk optree indien hulle 'n republiek wil hê.''**

**DR. MALAN**

Dr. Malan het sy beleid in Pretoria en Potgietersrus as volg verklaar (Die Burger van 25 en 26 Mei):

,,Daar moet 'n vrye republiek wees. Geen mens en geen volk kan van brood alleen leef nie. **MAAR** mens en volk kan nie alleen na die sterre kyk nie. Dan kan hy in die sloot beland. 'n Party moet idealisties en **tegelyk realisties** wees. **Twee blanke rasse woon hier naas mekaar en deurmekaar. Daarom moet ons 'n beleid hê vir ons nasionale Afrikanerdom maar ook vir die ander seksie. As die republiek net gestig word vir die een seksie en nie vir die ander nie, word die Engelssprekende op die verdediging gestel . . . . die H.N.P. sal die Engelssprekendes nie as vreemdelinge behandel nie.''**

Op Potgietersrus het dr. Malan gesê dat hy nie dadelik 'n republiek sal uitroep nie. Eers moet daar 'n leërmag wees om die republiek te verdedig en verder moet **,,'n veilige meerderheid by die volk vir 'n republiek wees sodat hy nie môre-oormôre omvergegooi word nie.''**

**MNR. HAVENGA**

Volgens verslag in Die Burger van 17 Junie het mnr. N. C. Havenga sy standpunt as volg weergegee op Frankfort:

,,Spr. staan vir 'n republiek, nie omdat hy meen dat dit Suid-Afrika se vryheid sal bevorder nie, **maar omdat spr. besef dat Suid-Afrika as gevolg van die konneksie met die Gemenebes reeds in twee oorloë gedompel is. Solank daardie konneksie bestaan, sal die sentiment van die Engelssprekendes in die land elke keer Suid-Afrika in 'n oorlog sleep wanneer daar 'n oorlog uitbreek waarin Brittanje betrokke is, veral as hulle soos in die verlede deur 'n Afrikaanssprekende gelei word. Dit sal nie gebeur as daardie konneksie verbreek is nie.''**

Mnr. Havenga het in dieselfde toespraak ontken dat hy of genl. Conroy ooit sou gesê het dat die oorlogsbeleid die enigste verskil is tussen die Afrikanerparty en die Regering. Hy daag enigiemand uit om te bewys dat hy dit gesê het.

## K.G. OOR ONTSNAPTE AFRIKANERS

Voor 'n skare van meer as 700 het die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, hom op 18 Junie te George as volg uitgespreek oor die ontsnapping van veertien jong Afrikaners uit die Johannesburgse Fort.

,,Jare gelede het 'n sekere Churchill uit die Modelskool in Pretoria ontsnap. 'n Boek is daaroor geskryf waarvan die klimaks die ontsnapping was. Hierdie veertien jong Boere het nie uit 'n skool nie, maar uit 'n fort ontsnap en is op koeëls daaruit gedra. Elf is nog buite. Ons wens hulle alles wat goed is.

**,,Normaler wyse praat 'n mens nie so nie, maar u moet besef dat die Departement van Justisie en Colin Steyn hierdie manne tussen vier en vyf maande in die fort opgesluit gehou het sonder aanklag of die reg om hul prokureur te sien. Selfs 'n hotnot wat skaap gesteel het, moet binne 48 uur aangekla word. Tussen 400 en 500 Boere sit in Koffiefontein en die tronke sonder aanklag. In die fort was daar 'n hongerstaking — nie om los te kom nie, maar om aangekla te word. Aan hulle is toe belowe dat hulle op 20 Mei aangekla sou word. Niks het op 20 Mei gebeur nie.** Ek daag dr. Colin Steyn uit om dit te ontken. Weer het hulle 'n hongerstaking begin en weer is 'n belofte gemaak, maar hulle wou die Departement se woord hierdie keer nie neem nie. As op daardie stadium enige ordentlike mens in Suid-Afrika iets teen hul optrede te sê het, dan stem ek met hom nie saam nie. Dus wens ek hulle toe alles wat goed is.''

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. — Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS !*

V.M.K. AANBEVEEL.



# Samewerking van Alle Groepe in Vier Kiesafdelings

## O.B.-Aanbod Plaaslik Aanvaar Ten Spyte van dr. Malan se Weiering

**Die aangename ervaring van broederlike samewerking op grondslag van die Ossewabrandwag se verkiesingsvoorstel, word in 'n paar kiesafdelings gesmaak. In vier kiesafdelings geld die aanbod van die Ossewabrandwag omdat die plaaslike leiers en kandidate van die H.N.P. met die Ossewabrandwag en ander groepe ooreengekom het om saam te werk. Hierdie kiesafdelings is Barberton, Potgietersrust, Brakpan en Vryheid. In drie daarvan is die kandidaat 'n H.N.P.-man, terwyl in Barberton daar ooreengekom is om 'n volkseenheidkandidaat te stel. Hierdie pragtige samewerking teen die gemeenskaplike vyand kon die Afrikanerdom dwarsdeur die land gehad het indien ook dr. Malan bereid was om die aanbod te aanvaar soos sy ondergeskiktes in hierdie kiesafdelings dit aanvaar het.**

In Brakpan, waar dr. J. Albert Coetzee namens die H.N.P. staan, geniet die kandidaat die aktiewe steun van sowel die Afrikanerparty as die Ossewabrandwag. Dieselfde geld in Vryheid waar dr. E. G. Jansen die H.N.P.-kandidaat is. In Barberton het die drie groepe ooreengekom om 'n kandidaat te stel wat aanneemlik vir alle republikeinse kringe sal wees en wat sodoende in die beste geleentheid staan om die setel vir die Afrikanerdom te wen. Die plaaslike H.N.P.-leiers was dan ook grootmoedig genoeg om te besef dat die enigste grondslag waarop die Afrikanersaak bevorder kan word, dié is wat deur die Ossewabrandwag voorgestel is. Mnr. Willie Roodt is gevolglik eenparig deur die drie groepe benoem as onafhanklike republikeinse kandidaat. In daardie kiesafdeling het die Ossewabrandwag hom as organisasie daadwerklik ingewerp.

Die vierde kiesafdeling is Potgietersrust, waar samewerking verkry is deurdat die H.N.P.-kandidaat, mnr. Tom Naudé, 'n verstandhouding met die leier van die Ossewabrandwag en die plaaslike Afrikanerparty-leiers bereik het. Gevolglik het hy aan die voorwaardes van die O.B.-aanbod voldoen, en kon eensgesinde optrede hier verseker word.

### POTGIETERSRUST

Toe dit geblyk het dat dr. Malan nie voornemens is om die hand van samewerking van sy mede-Afrikaners te aanvaar nie, het in Potgietersrust, soos in verskeie ander kiesafdelings, 'n eenheidskomitee ontstaan wat dit moontlik wou maak vir alle Afrikaners in daardie kiesafdeling om 'n stem teen die oorlog uit te bring sonder terselfdertyd teen hul eie organisasie te stem. Op uitnodiging van mnr. Naudé het daar 'n samespreking tussen hom en die komitee plaasgevind wat die komitee oortuig het van sy opregtheid. Gevolglik is besluit om die komitee se kandidaat, mnr. F. W. Neethling, te versoek om terug te trek. Laasgenoemde het met dr. Van Rensburg persoonlik in verbinding getree om te verneem of hy daadwerklike steun aan mnr. Naudé kan verleen. Mnr. Neethling berig self in verband hiermee as volg:

,,Ek het die verklaring van die Eenheidskomitee van Potgietersrust gelees en vereenselwig my ten volle daarmee.

Daar ek die aangewese kandidaat was van die Eenheidskomitee wil ek nog net byvoeg by die verklaring dat nadat ons mnr. Naudé op Pietersburg ontmoet het, wou ek die leiding van die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag verkry. Ek het hom persoonlik gaan sien op sy versoek en nadat die saak duidelik aan hom gestel was deur my en die voorsitter met ander lede van die Eenheidskomitee. was sy leiding aan my dat hy dit op prys sal stel as ek my kandidatuur terugtrek ten gunste van mnr. Tom Naudé, omdat mnr. Naudé hom tevrede gestel het dat hy beantwoord aan die vereistes gestel in die manifes van die Kommandant-generaal van 4 Januarie ll. (Mnr. Naudé het skriftelik met dr. Van Rensburg onderhandel.—Red.)

Persoonlik beskou ek enige kandidaat ná hierdie uiteensetting as nie 'n persoon wat aanspraak kan maak op die Ossewabrandwag se ondersteuning nie.

Dit was vir my as Brandwag 'n eer om die wens van die Kommandant-generaal te beskou as 'n bevel en ek voel oortuig dat die leiding in hierdie kiesafdeling die regte is en dat alle getroue Brandwagte aan die wens van die Kommandant-generaal sal voldoen.

Dit is by die O.B. nie persoonlike sake maar volksake wat in aanmerking geneem moet word."

Daar is 'n vyfde kiesafdeling waar gesamentlike optrede klaar 'n voldonge feit was, maar op die laaste oomblik is dit deur dr. Malan se persoonlike inmenging verydel. **Dit is die kiesafdeling Standerton, waar al die groepe plaaslik ooreengekom het om 'n gesamentlike kandidaat teen veldm. Smuts te stel. Omdat die stryd hier van besondere betekenis was, het die H.N.P.-leiers hul steun toegesê aan 'n onafhanklike republikeinse kandidaat. Dr. Malan het egter persoonlik sy verskyning daar gemaak en 'n Johannesburgse regspraktisyn as kandidaat daar ingevoer.** Die gevolg is 'n driehoekige stryd in genl. Smuts se kiesafdeling. Blykbaar is dit politieke etiket dees dae dat die leier van die opposisie en die leier van die regeringsparty mekaar se kandidature bevorder. Dr. Malan is naamlik hierdie keer vir die eerste maal deur die Sappe toegelaat om ongehinderd na die parlement te gaan.

## TWEE VERGADERING TE POTGIETERSRUST

### Treffende Teenstelling

POTGIETERSRUST, 12 Junie.—Die afgelope twee weke was Potgietersrust die middelpunt van belangstelling. Verlede week was dr. Malan hier en hierdie week weer dr. Van Rensburg en adjunk-komdt.-genl. J. A. Smith. Die teenstelling tussen die besoeke was baie opvallend. Dr. Malan se vergadering was reeds weke vantevore bekend gemaak deur middel van die pers, kennisgewings was wyd en syd versprei, aan die plaaslike O.B.-hoofde was persoonlike uitnodigings gestuur. Ook 'n dag voor sy koms is dit met trompetgeskal deur die dorp aangekondig. **Nieteenstaande alles kon hy maar 'n paarhonderd uit Noord-Transvaal saamtrek. Meer as helfte van sy vergadering het bestaan uit O.B.-lede.**

Vrydag het die bevel deurgekom dat dr. Van Rensburg Dinsdag alle O.B.-offisiere van Noord-Transvaal sou ontmoet. **Geen skriftelike kennisgewings is uitgestuur nie, maar alleen langs sy gewone kanale is alle offisiere en Brandwagte in kennis gestel, en Dinsdag kon die Kommandant-generaal oor 300 offisiere toespreek. Die aand het hy 'n geesdriftige vergadering van tussen agt- en negehonderd mense toegespreek.**

Ook die vergaderings self was 'n verbasende teenstelling. Die vergadering van dr. Malan was maar 'n gewone politieke vergadering, waar gevoelens hoog loop. Die voorsitter moes maar gedurig op die hoede bly om dreigende storms af te keer. **Uiteindelik moes hy drasties ingryp en dadelik aankondig dat die vergadering afsluit met die sing van ,,Die Stem", terwyl talle nog op die bene was om vrae te stel.** Geen mosies is dan ook gestel nie.

Die getwis het ook nie daar opgehou nie; nou, na twee weke, is die hele distrik nog aan twis as gevolg van argumente op die vergadering.

**Die O.B.-vergadering was soos alle O.B.-vergaderings geesdriftig, boeiend en ordelik. Niks het gebeur wat enige slegte smaak by die besoekers nagelaat het nie. Die verrigtinge is ook afgesluit met gebed en die aandgesang nadat alger geesdriftig hulde gebring het aan mov. Hansen, die kandidaat teen genl. Smuts.**

Eers het genl. Smith 'n hartroerende toespraak gelewer. Die vergadering het diep onder die indruk gekom van die treurige verdeling van ons volk. Hoe anders kon dit gewees het as ons as Republikeine bymekaar kan staan en eenparig veldmaarskalk Smuts met sy verderflike oorlogspoging by die stembus met 'n volksdemonstrasie kon beveg het. Erustige beroepe het hy gedoen dat die H.N.P. voor die verkiesing tot besinning mag kom en die aanbod van die O.B. aanneem.

Dr. Van Rensburg het 'n duidelike uiteensetting gegee van die aanbod wat die O.B. aan die Partye en groepe gedoen het vir samewerking in die verkiesing. Ook het hy aan die offisiere en Brandwagte goed laat verstaan wat van hulle verwag word.

Die O.B. in Noord-Transvaal is nog geesdriftig en neem van krag tot krag toe. Hy is ook hier gereed om in aksie te tree in 'n verkiesingstryd teen die Empire as die partye dit net vir hom moontlik wil maak.

(Berig deur E. J. Genis, Kalkvallei, P.K. Immerspan.)

# ,,Dom-Onnosel" Nadat Duisende Bedank het

Op 8 Junie jl. het die amptelike Strydblad van dr. Malan 'n artikel bevat waarin beweer word dat die Ossewabrandwag met die Sappe skakel. Die bewyse wat daarvoor aangevoer is, is dat daar 'n reeks skakels bestaan waarvan die Ossewabrandwag een is.

**Toe hierdie artikel onder die O.B.-lede rugbaar geword het, het die een direkteur van die Kruithoring, dr. Karl Bremer, sy spyt daaroor uitgespreek en as protes teen die aantygings as direkteur bedank. Die ander direkteure is dr. Malan en adv F.C. Erasmus. Hulle het nie bedank nie.**

**In George-kiesafdeling het mnr. A. J. Werth, H.N.P.-kandidaat aldaar, die aantyging van die Kruithoring in die openbaar gerepudieer en dit as dom-onnosel bestempel. Hy het verklaar dat hy telegrafies protes daarteen aangeteken het by die hoofkantoor van sy party.**

Op 27 Augustus 1941 het dr. Malan op Stellenbosch vir die eerste keer die beskuldiging dat die O.B. met Smuts skakel, uitgespreek. Volgens Die Burger van 28 Augustus het dr. Malan as volg verklaar. **,,Dr. Van Rensburg toon 'n spesiale liefde vir adv. Pirow . . . Hy bou 'n ketting, maar daardie ketting het minstens een skakel wat aan veldmaarskalk Smuts skakel."**

Hierdie beskuldiging moes dien om die Ossewabrandwag by die volk in verdenking te bring. Nòg dr. Bremer nòg mnr. Werth het toe bedank of protes aangeteken. Tot vandag toe glo 'n groot deel van die volk nog dat die Ossewabrandwag met die Regering skakel. Adv. C. R. Swart het later as verdere bewys van hierdie skakeling aangevoer die feit dat die Regering nie meer lede van die Ossewabrandwag interneer nie! Baie mense het dit geglo — selfs toe die Regering kort daarna 'n paar honderd O.B.-manne in die kampe en tronke gesmyt het.

### HERHALING

Ses maande na dr. Malan se eerste aantyging het hy sy beskuldiging op die Paarl herhaal. Volgens verslag in Die Burger van 7 Februarie 1942 het dr. Malan die volgende gesê: **,,Op Stellenbosch het ek verklaar dat daar 'n ketting gevorm word met verskillende skakels. Die O.B. is een. Dit skakel met adv. Pirow. Adv. Pirow skakel weer met genl. Hertzog. Genl. Hertzog skakel met die Afrikanerparty en die Afrikanerparty skakel met die Regeringsparty."** Aldus dr. Malan.

Hierdie aantyging wat tans deur die voorsitter van die Party en 'n vooraanstaande lid daarvan gerepudieer en as ,,dom-onnosel" bestempel word, het twee jaar lank sy werk gedoen om O.B.-lede met agterdog teen hul organisasie te vervul en te laat bedank.

**Duisende oud-lede van die Ossewabrandwag het dit geglo en as gevolg daarvan bedank. Vandag verneem hulle uit die mond van H.N.P.-leiers dat dit 'n dom-onnosele aantyging is. Diegene wat dit indertyd geglo het, was dus slagoffers van 'n ,,dom-onnosele" bewering.**

**En hierdie ,,dom-onnosele" bewering is die produk van dr. D. F. Malan — die man wat onlangs in Pretoria beweer het dat mnr. Havenga ,,ook wou gedeel het in die Nuwe Ordesetels", terwyl dit fisies en geskiedkundig onmoontlik was vir mnr. Havenga om so iets te eis, aangesien adv. Pirow eers 'n week ná dr. Malan en mnr. Havenga se samespreking besluit het om nie met sy groep aan die verkiesing deel te neem nie!**

## KANDIDAAT SE BELOFTE

Die H.N.P.-kandidaat in Christiana, mnr. W. D. Brink, het die volgende plegtige verklaring onderteken na 'n onderhoud met O.B.-offisiere in daardie kiesafdeling:

,,Ek is bereid om al ons republikeinse Afrikaners saam te bind tot een gesamentlike stryd teen die oorlog en Jan Smuts en vir ons soewereine, onafhanklike Boererepubliek, en sal enigiets wat in my mag is, doen om die onsinnige stryd tussen republikeinse Afrikaners, veral die O.B., N.O. en H.N.P. gestaak te kry."

(Berig deur J. H. Fouché, Welbedacht, Pk. Britten.)

SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

Steyns

PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

HEDRHOLDT se BOOMKWEKERYE
Posbus 660, — Johannesburg.

JULIE, AUGUSTUS PLANTTYD.—Pragtige voorraad geakklimatiseerde vrugtebome, vroeg en laat soorte: Appel, Perske, Peer, Pruim, Amandel, Mispel, Okkerneut, Tamatiepruim, Kweper, Vye, Moerbei en Wingerdsoorte wat tevredenheid aan duisende planters verskaf het. Aanvraag geweldig groot, bestel sonder versuim! Raadgewende Katalogus gratis aan planters.

***ONDERSTEUN ONS BLAD***

# DS. STANDER WAARSKU TEEN ELEKSIEKOORS

## O.B.-Beleid Verduidelik

Ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, gee die volgende verduideliking na aanleiding van 'n paar briewe wat hy ontvang het:

1. Vir beleidsake is die Kommandant-generaal self die hoogste gesag en moet O.B.-offisiere en Brandwagte hulle vir inligting en aanbevelings deur hul kanale na hom wend en nie na my nie.

2. Om tot gevolgtrekkings te kom op grond van berigte wat in vyandiggesinde koerante te lees staan, is volstrek ondissiplinêr en riek na verraad, waar die juiste inligting langs die eie kanale tog beskikbaar was.

3. **Daar is geen aanbeveling gemaak deur die K.G. om vir 'n A.P.-kandidaat of enige partykandidaat te stem nie.** Die O.B.-beleid is tog afsydig van en verhewe bo partye en bly dit. Ek, as onpartydig uit beginsel en kragtens my amp as predikant, sou, indien die O.B. hom met een of ander party sou assosieer, dan moet bedank as ek aan my beginsel getrou wil bly.

4. **Die beginsel van die O.B. in sake stem met die eleksie is slegs dat anti-oorlog en anti-imperialisties as ook anti-kapitalisties (in die ongesonde sin van die begrip) gestem moet word sonder om te sê vir watter party of persoon — dit moet elke kieser vir hom of haar self uitmaak.**

5. Slegs in twee gevalle is aanbeveel om vir sekere kandidate te stem, t.w.: (a) Vir 'n kandidaat waartoe die Partye self ooreengekom het as hul gemeenskaplike kandidaat (ek meen te Barberton is so ooreengekom) — dit kon die volk oral gehad het, maar Party-voordeel het dusver by sekere mense swaarder geweeg as volksbelang.

(b) Vir mev. Hansen te Standerton omdat sy staan as verweerkandidaat teen die verteenwoordiger van imperialisties-kapitalistiese onderdrukking- en uitbuitingsbeleid en vir die slagoffers daarvan.

(c) Waar die K.G. aanbeveel om in sekere gevalle te stem vir 'n kandidaat vir wat die O.B. min respek en in wie hy geen vertroue het nie, is die bedoeling nie om sulke mense aan bewind te sien nie, maar slegs om 'n stem teen die oorlog en Empire geregistreer te kry.

Ek hoop hierdie uiteensetting is 'n oplossing vir die moeilikhede gegrond op misverstand.

**Ten slotte wil ek 'n beroep doen om te waak teen eleksiekoors en daaruit voortvloeiende raserny.**

S. J. STANDER,
Voors. Grootraad.

# PARTYPAMFLETTE OOR VERKIESING

Die Voorligtingsdiens van die Ossewabrandwag doen langs hierdie weg 'n vriendelike beroep op alle Kommandante om 'n afskrif van elke verkiesingspamflet (van alle partye) wat in hul afdelings versprei word te stuur aan: Die Voorligtingshoof, Posbus 8262, Johannesburg.

Ons sal dit ook hoog op prys stel as lesers van *Die O.B.* ons hierin behulpsaam wil wees, sodat ons afskrifte van pamflette uit elke kiesafdeling kan kry. Moenie op u buurman wag nie, stuur dit self aan sodra u een in hande kry!

(Berig deur J. J. Piek, Spoorbondkasgebou, Johannesburg.)

## *VERJAARDAGKETTING*

**1 Julie:** Petronella Koen (George), Martha Maria Margaretha Theron (Merweville), Felicity Hesketh (Sutherland), Hendrika Kruger (Upington); **2 Julie:** Eddie Keuler (Sutherland); **4 Julie:** Stanley Oosthuyzen (Stellenbosch), Esther Maria du Plessis (Merweville), Fanie Durr (Malmesbury); **5 Julie:** Daniel Johannes Brink (Sutherland), Joey Immelman (Sutherland), Susanna Immelman (Sutherland), Lamon Mulder (Humansdorp); **6 Julie:** Johnie Hickman (dist. Paarl); **7 Julie:** Esther du Toit (Paarl), Maria Hugo (Tiervlei), Beyers Theron (Die Strand).


**GRAFSTEENMAKERS**

**S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Eins.) Bpk., waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randmure ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, Maitland, of telefoneer 5-4420, of na-ure 5-2823. Adres: Voortrekkerweg, Maitland.**




PARTY mense hou van die somer, ander van die winter, die verstandige man hou van die soort weer wat hy nie het nie. Dit is die rede waarom baie boere, wanneer hulle te oud of te ryk word om te werk, dorp-toe trek, terwyl talle afgetrede amptenare en ander gepensioneerdes plaas-toe „retair." Hierdie soort landverhuising sou op 'n nog baie groter skaal plaasgevind het, as ons skulpaaie was wat ons huis of plaas op ons rug kon saamdra. STEUNMEKAAR het met hul uitgebreide ruil-verkoop-skema hierdie probleem opgelos. Deur 'n stelselmatige organisasie is ons gewapen met doeltreffend gerangskikte lyste van plase wat te ruil is vir huise in 'n dorp of stad en dorpseiendomme wat te ruil is vir plase. Meer nog, deur in ons advertensies te meld dat die volgende losgoed teen so 'n prys saam kan oorgeneem word, voorkom ons dat die eienaar sy vee, boerderygereedskap, meubels, ens., op 'n vandusie of uit die hand, verniet hoef weg te gee. Die koper van die vaste eiendom is tog die aangewese persoon om vir die bybehorende losgoed die beste prys te betaal, en koop hy dit nie, dan vang dit die oog van ander kopers wat dit teen goeie pryse sal koop, omdat hulle dit nodig het. Raadpleeg ons ook oor huise of plase wat, om klimaat en ander eienskappe, die beste medisyne is vir 'n lid van die huisgesin, vir wie daar miskien, sonder baat, al aan 'n hele divisie spesialiteite fortuine verkwis is vir genesing van een of ander kwaal. Ons het byvoorbeeld te koop net die mees ideale plekkie vir 'n asmalyer Skryf om ons lyste en laat ons u eiendomme raak adverteer en vinnig verkoop. — STEUNMEKAAR, Malherbestraat 268, Pretoria.

***Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .***

● **Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente**

**G. C. du Plessis en Kie.**

**Môremark, JOHANNESBURG.**
**Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."**
**Skryf om besonderhede en adreskaartjies.**
**Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.**

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid***

***en***

***Lewenskrag***

**Gebruik**

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP —
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n LEVER Produk*


## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES**

2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam, minimum 1/- per plasing. Alle geklasifiseerde advertensies is streng vooruitbetaalbaar en gelde moet advertensies vergesel. Advertensies kan gestuur word aan Posbus 1411, Kaapstad, of Posbus 4892, Johannesburg.

### GEBOORTE

**KRIEK.** — Aan Asst.-Veldkt. en sersante H. Kriek van Oudehoutskraal, Amersfoort, 'n pragtige tweeling dogtertjies op 24 Mei. Naas die Heer ons innige dank aan dokter en eggenote en mev. J. v. d. Vyver. Die K.G. se bevel is uitgevoer.

**SCHEEPERS.** — Aan Komdt. en mev. L. C. Scheepers van Oranjeville, 'n lief dogter in 'n brandwag kondisie en stemming. Naas die Goeie Gewer ons dank aan verpleegster.

**MALAN:** — Aan Dawie en Bokkie in die Elizabeth Kraaminrigting, Port Elizabeth, 'n fris seun op 25 Mei, Moeder en seun wel. Vader in Interneringskamp, Koffiefontein.

**LATEGAN:** — Aan Komdt. en Assistent Veldkte. Stephanus Lategan, van Welgeleë, Constantia, 'n fris O.B.-Boetie vir Paulette. Dank aan dokters en verpleegsters.

**NAUDÉ.** — Aan mnr. en mev. R. de Wet Naudé, 6e straat 49, Northmead, 'n fris Brandwagseun, op 14 Junie 1943. Naas die Heer ons dank aan dokter en suster.

### DOODBERIG

**COETZEE.** — Diep bewoë, neergeboë, betreur ons die heengaan van ons dierbaar en enigste dogtertjie in die ouderdom van 13 maande en 10 dae.

Haar plek is leeg,
Haar stem is stil.
Ons gun haar die rus,
dit is Gods wil.

Naas die kraggewende God, ons innige dank aan pligsgetroues en belangstellendes gedurende ons beproewing. Hartverskeurende ouers, Kruger en Anna Coetzee en Jannie M. Visser.

**OOSTHUIZEN.** — Plotseling heengegaan op die aand van 28 Mei 1943, op 19-jarige leeftyd as gevolg van hartverlamming Korporale Susanna Oosthuizen, van Bethal-Oos Kommando. Haar heengaan het soos 'n skok gekom vir haar ouers, enigste suster en vriende, want sy was deur almal bemin. As onder-offisier van die Ossewabrandwag was sy ywerig en pligsgetrou. Haar heengaan word diep betreur en ons lê hierdie kransie op haar graf. Ons wil haar ouers en suster die versekering gee dat ons as brandwagte innig meevoel.

### BENODIG

DADELIK benodig 'n junior dametjie vir hoedemaking. Rig aansoeke aan: **Die Sekretaris, Posbus 668, Bloemfontein.**

### TE KOOP

**DAGOUD KUIKENS** — Wit Leghorns, Australorps, Rhodes, Orpingtons en Leghornkruising. Almal teen £6 per 100. Besonderhede van **J. S. Viljoen, Posbus 183, Bethlehem.**

BESTE kwaliteit heuning-tee, 93 pond sak 20/-, 50 pond 10/6, 25 pond 6/-. Vars aartappels, 14/- per sak. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **Burger Jonck, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

### KRAALMIS

**BESTE kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmistoestelle. Gelewer bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 goeie sakke, K.M.B. S. Nel, Uitvlugt, Sheldonstasie.**

**BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel, 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas. Port Elizabeth. J. A. Schoeman. P.S. Grootfontein. Somerset-Oos.**




**VARS vrugte uit u eie tuin smaak altyd beste. Bestel dadelik u eie bome om teleurstelling te voorkom. Dagbreek-Kwekery sal u verwagting ver oortref. Verpakking- en spoorvrag vry. Gratis katalogus op aansoek.** DAGBREEK-KWEKERY **(Gidlon Brits en Seun), Foon 3, Jachtfontein, P.K. Jachtfontein oor Johannesburg.**

### Eiendomme

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbank, Bloemfontein.**

**DEEL in die Winste.** — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

**Ondersteun Ons Adverteerders**

# BYEENKOMSTE!
## NOORD-TRANSVAAL

**Adjunk-Komdt.-Generaal**
**J. A. SMITH,**
Organisasieleier,

Vergesel van Gebiedsgeneraal, **Dr. H. M. van der Westhuizen** en Hoofgenl. **H. L. Neethling,** sal byeenkomste op die volgende plekke en datums toespreek:—

**10 Julie, n.m., Nylstroom.**
**12 „ n.m., Potgietersrust.**
**13 „ n.m., Pietersburg.**
**14 „ n.m., Louis Trichardt.**
**16 „ v.m., Orichstad.**
**16 „ n.m., Nelspruit.**
**17 „ n.m., Belfast.**

Die Rolprent, **„Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"**, sal op dieselfde datums in die aand op Nylstroom, Potgietersrust, Pietersburg en Louis Trichardt vertoon word.


***RAMME***

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.

**W. VOIGT BPK.,**

**HUGENOOT**

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

Foon: Paarl 23

**Posbus 10, Hugenoot.**

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

**KAAPSTAD**

**BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.**

**BESTE HEERSENDE PRYSE.**

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

**Eienaar: GUSTAV RETIEF.**

**Telefoon 2-0212.**

MEUBELS

**PRYSE STYG VINNIG**

***KOOP NOU!***

**ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD**

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk.**

Groote Kerkgebou, **KAAPSTAD.**

**Posbus 210. Foon 2-6808.**


**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**